# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION MEMO

| Subject | Afrikaans additionele Taal<br>Leesbegrip en taalwerk | Examiner | Mrs M Gough |
|---|---|---|---|
| Date | 8 June 2017 | Total marks | 45 |
| Session | 1 | Duration | 2 ure |
| Grade | 5 | Moderator | Mrs. W Pienaar |
| Special instructions/ Equipment | Instruksies<br>• Lees jou vrae goed deur.<br>• Gebruik die woordelys om jou te help.<br>• Moenie enige oop spasies los nie.<br>• Gebruik jou tyd goed.<br>• Skryf netjies en leesbaar.<br>• *Geen woordeboeke*<br>• Indien jy klaar is gaan weer deur jou vraestel.<br>*Sterkte!* | | |

**This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking. Time allocation on this examination includes provision for concession.**

**Naam: ____________________________ Graad 5: _____**

| WOORDELYS | |
|---|---|
| blikbal | tin used as a ball |
| doelhok | goal (net) |
| span | team |
| doel | goal |
| doelwagter | goalkeeper |
| straat | street |
| duur | expensive |
| sukkel | struggle |
| sypaadjie | pavement |
| oulik | cute |
| wedstryd | match |
| kar se bak | boot |
| splinternuwe | brand new |
| waai | wave |

## Afdeling A: Leesbegrip [30]



- **Lees deur die volgende vrae (Vraag 1 tot Vraag 5)**
- **Lees deel 1 van die storie op bladsy 3 en 4.**
- **Beantwoord die vrae (Vraag 1 tot 5) oor die storie.**

**Vraag 1:** Pas kolom A by kolom B.
Skryf die regte letter langs die nommer.

(7)

| | |
|---|---|
| 1. Die naam van die storie. | A) Sifiso |
| 2. Die naam van die seuns se bal. | B) twee klippe |
| 3. Die doelhok. | C) blikbal |
| 4. Hy skop die meeste doele. | D) Die bafana se blikbal |
| 5. Hy is die doelwagter | E) Tumelo |
| 6. Kaptein van Bafana Bafana | F) Lucas |
| 7. Lucas skop 'n doel | G) Tumelo keer die bal. |

Skryf net die regte letter langs die nommer.

1. D 2. C 3. B 4. A 5. E 6. F 7. G



**Vraag 2:** Volgens die inleidingsparagraaf.

a) Wie speel sokker? Sifiso en sy maats. (1)
b) Wat is hulle sokker bal? 'n Blikbal (1)
c) Wat was in die blik? Konfyt (1)

**Vraag 3:** Is die volgende stellings waar of onwaar?

a) Hulle het twee klippe gebruik as hulle doelhok.
Waar (1)
b) Hulle het nie van hulle blikbal gehou nie.
Onwaar (1)

**Vraag 4:** Vul die regte woorde in. (5)

Die Bafana Bafana is die beste (goed) span in Suid-Afrika. Die seuns sê:"Ons sal lekkerder ( lekker) met 'n bal as 'n blik speel, maar 'n blik is beter (goed) as niks." 'n Regte sokkerbal is groter (groot) as 'n blik, maar kleiner (klein) as 'n strandbal.



**Vraag 5:** Beantwoord die volgende vrae in vol sinne.

a) Hoekom moet Kebareng die motor se nommer vat?
By die skool geleer.
Moenie vreemdelinge vertrou nie. (2)

b) Wat sê Lucas Radebe oor sy eerste sokkerbal?
Dit was ook a blikbal. (1)




Die bafana se blikbal. Deel 1

Sifiso en sy maats speel sokker in die straat. Hulle speel met 'n ou blik waarin daar konfyt was.


Voor Tumelo se huis is twee klippe. Dit is Sifiso se span se doelhok. Voor Keamo se huis is ook twee klippe. Dis Toko se span se doelhok.

Sifiso skop die meeste doele. Tumelo is die doelwagter. Hulle wil graag ‘n regte sokkerbal hê, maar dit is te duur. Nou speel hulle maar met die blik.

“Ag, wat,” sê hulle,” ’n blik is ook goed. Solank ons net kan speel.”

“Pas op! Hier kom ‘n kar!” skree iemand. Die kar hou stil.

“Wat soek die man hier waar ons speel?” vra Tumelo. Die kinders leer in die skool om versigtig te wees vir vreemde mense.



“Vat sy kar se nommer,” fluister Keamo vir Kebareng.

Die man klim uit sy kar uit.

“Dis Lucas Radebe!” skree Given. “Die kaptein van Bafana Bafana!”

“Dumela, bafana,” groet Lucas Radebe. “Agee Morena,” groet die seuns. “Kan ek saam met julle speel?” vra Lucas. Kutlwano wys die blik vir Lucas. “Ons speel met ‘n blik, want ons het nie ‘n bal nie,” sê hy.

“’n Blik is goed. My eerste sokkerbal was ook ‘n blik,” antwoord Lucas.

Eers speel Lucas aan die kant van Sifiso se span. Tumelo keer sowaar die bal toe Lucas ‘n doel wil skop.

(Adopted by source)

- **Lees deur die volgende vrae (Vraag 1 tot Vraag 4)**
- **Lees deel 2 van die storie op bladsy 5 en 6.**
- **Beantwoord die vrae (Vraag 1 tot 4) oor die storie.**

**Vraag 1:** Hoekom dink jy moet die seuns voor donker by die huis wees?

Dit word nag – gevaarlik.
Hulle ouers wag vir hulle. (2)

**Vraag 2:** Hoekom dink jy het Lucas Radebe die bal vir die seuns gegee? Wat gaan hulle met die bal doen?
Hulle het nou 'n regte bal.
Hulle kan nou regte sokker speel. (2)

**Vraag 3:** "Suid-Afrikaners is lief vir sport." Hoekom dink jy ander lande sê dit van ons?
Ons kyk dit op TV, lees in koerante, baie verskillende sportsoorte, dra hulle truie en pette, praat or hulle. (2)

**Vraag 4:** Van watter sportsoort hou jy? Gee drie redes hoekom jy daarvan hou.
Sportsoort
Enige 3 redes (4)

# Die bafana se blikbal. Deel 2

Na 'n rukkie is Lucas aan die span van Toko se kant. Dit voel of hulle nog nooit so lekker gespeel het nie.

Toe die son sak, hou hulle op. Almal moet voor donker by die huis wees. Hulle sit die doelklippe op die sypaadjie neer en stap saam met Lucas Radebe na kar.

Lucas maak sy kar se bak oop en haal vir elkeen 'n blikkie koeldrank uit. Hy gesels met hulle. Hulle vertel vir hom hoe hulle altyd al die ander skole se sokkerspanne wen. Hulle wil so graag die silwer beker wen.


"Wel, as julle so oulik speel met 'n blik, wil ek graag sien hoe speel julle met 'n regte bal.

Lucas Radebe sê: "Nou ja, bafana, dit word laat. Ek moet ry." Hy maak sy kar se bak oop. Toe haal Lucas iets uit die kar se bak.

"Hier, bafana," sê hy en gooi 'n splinternuwe sokkerbal vir Sifiso om te vang. "Lekker speel!" Toe ry hy weg.

Die seuns waai vir hom tot hulle sy kar nie meer kan sien nie.

**Totaal Afdeling A:____/30**






## Afdeling B: Taalleer [15]

**Vraag 1:** Voltooi die tabel. Die eerste woord is gedoen as voorbeeld.(4x½)=2

| **Enkelvoud** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| **dier** | **diere** | **diertjie** |
| kar | karre | karretjie |
| land | lande | landjie |
| spoor | spore | spoortjie |



**Vraag 2:** Voltooi die sinne deur die **trappe van vergelyking** in te vul.
*Byvoorbeeld: Hard – harder as – die hardste*

a) Daar is **baie** vragmotors op die pad. Mpumalanga het meer vragmotors as Limpopo, maar Gauteng het die meeste vragmotors op die pad. (2x½)=1

b) 'n Motor is **groot**. 'n Bus is groter as 'n motor, maar 'n vragmotor is die grootste.

(2x½)=1

**Vraag 3:** Skryf die volgende woorde in **alfabetiese volgorde**. (1)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **vliegtuig** | **vinnig** | **lughawe** | **bagasie** |

bagasie
lughawe
vinnig
vliegtuig



**Vraag 4:** Bind die volgende woorde saam sodat dit een woord maak. **Samestellings.**

Sleep + wa sleepwa (½)

**Vraag 5:** Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**.

motorfiets
mo / tor / fiets (½)

**Vraag 6:** Onderstreep die regte **lidwoord** tussen hakies. (2)

a) ('n / Die) mense in Suid-Afrika is vriendelik.
b) ('n / Die) voetganger loop op die sypaadjie.

**Vraag 7:** Verbind die volgende sin deur die **voegwoord** in hakies te gebruik.

Goud is baie duur . Die myne werk hard om dit te kry. (want)
Goud is baie duur want die myne werk hard o dit te kry. (1)

**Vraag 8:** Skryf die volgende sin in **ontkennende vorm**.

Die motorfiets ry baie stadig.
Die motorfiets ry nie baie stadig nie. (1)

**Vraag 9:** Skryf die volgende sinne oor en vul die korrekte **leestekens en skryftekens** in.

Gebruik die volgende as leidrade.


| **Vraagteken, punt, aanhalingstekens, hoofletter, dubbelpunt** |
|---|

a) Waarom sal mense met die trein ry
Waarom sou mense met die trein ry? (½)

b) Die kondakteur sê die trein gaan nou vertrek na Sandton
Die kondakteur sê: "Die trein gaan nou voortrek na Sandton." (1)

**Vraag 10:** Skryf die volgende sin in **direkte rede**.
*Byvoorbeeld: Die seun sê: "Ek hou baie van sokker."*


Die meisie vra of sy kan netbal speel.
Die meisie vra: "Kane k netball speel?"



(1½)

**Vraag 11:** Skryf die volgende sin in **indirekte rede**.
*Byvoorbeeld: Die vlieënier sê dat die vliegtuig gaan land.*

Die bestuurder sê: "My vragmotor is vol gepak."
Die bestuurder sê dat die vragmotor vol gepak is. (1)



**Vraag 12:** Skryf die volgende sinne in **lydende vorm**.
*Byvoorbeeld: Die bus word deur die mense gebruik.*

Die seun ry sy fiets.
Die fiets word deur die seun gery. (½)

**Vraag 13:** Skryf die volgende sinne in **bedrywende vorm**.
*Byvoorbeeld: Ons hou ons land skoon .*

Die strate word deur ons skoon gehou .
Ons hou die strate skoon. (½)

**Totaal Afdeling B: _______/15**

**Groot totaal: _______/45**